



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## **NASIONALE ASSESSERING ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AOS)**

### **2023 GRAAD 9 PROEFSTUDIE**

Vak: Afrikaans Huistaal

Punte: 70

Tydsduur: 150 Minute  
15 minute leestyd **uitgesluit**

**Hierdie toets bestaan uit 23 bladsye, uitgesluit die voorblad.**



### **Instruksies aan die leerder**

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel begin beantwoord.
2. Lees alle instruksies en vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord alle vrae.
4. Beantwoord al die vrae in die antwoordboek wat verskaf word.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**



**Moenie omblaai voordat jy gesê word om dit te doen nie.**

## Vraag 1: Leesbegrip

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### **Groente in ou motorbande kan kos, werk vir baie skeep**

- 1 In Suid-Afrika voel ons magteloos oor baie dinge: watertekorte, beurtkrag en vervalde infrastruktuur.
- 2 Een gebied waarop elke landsburger egter 'n verskil kan maak, is werkloosheid en voedselsekerheid, sê Steven Barnard, uitvoerende hoof van die Instituut vir Landelike en Gemeenskapsontwikkeling.
- 3 *Garden of Life* is een van die instituu se inisiatiewe waardeur duisende mense die afgelope 12 jaar landswyd en in Botswana opgelei is om groente met afvalmateriaal te verbou – ook in gebiede waar vrugbare grond en waterbronne beperk is. Al wat jy nodig het, is ou motorbande, leë plastiekbottels en tuisgemaakte kompos, verduidelik Barnard.
- 4 “Net verlede jaar het ons 2 000 mense opgelei. Baie mense in Suid-Afrika veg om oorlewing. Byna 35% van Suid-Afrika se mense is werkloos en miljoene mense gaan slaap honger. Dit lei tot desperaatheid en gemeenskapsonrus. Ons wil voedselsekerheid, ekonomiese ontwikkeling en selfonderhoudende gemeenskappe deur mikro-landbou bevorder.”
- 5 Die projek se slagspreuk is “Phakama,” wat “Staan op” beteken. Die projek stel mense ook in staat om vir hulself werk te skeep, 'n inkomste te skeep en hulle gesinne te voed. In die sweet van jou aangesig sal jy jou geld verdien.
- 6 Barnard sê die instituut identifiseer 'n plek waar 'n tuin, bestaande uit verskeie ou motorbande, gevestig kan word. Die tuine kan byvoorbeeld by 'n skool, kleuterskool, kerk, tronk, op dakke en in huise se tuine gevestig word.
- 7 Met die bekendstelling van die *Garden of Life*-tuin by die Uitkoms-woonstelle

in Potchefstroom is leiers en kinders uit verskillende gemeenskappe touwys gemaak oor hoe om hul eie kompos te maak, die tuin in 'n ou motorband te bou, die plante daarbinne te plant en nat te hou.

- 8 Die idee is dat gemeenskapsleiers hierdie beginsel nou sal vestig en tuine elders in die gemeenskap bou. Mense van alle ouderdomme word opgelei, maar daar word sterk op kinders en projekte by skole gefokus om van die jong geslag voedselvervaardigers pleks van blote verbruikers te maak, sê Barnard. Hy verduidelik na aanleiding van 'n tamatie hoe 'n mens klein kan begin en 'n suksesvolle onderneming kan vestig. "Een tamatie lewer 100 sade. 100 sade lewer 100 plante, terwyl een plant 20 tamaties dra. Vir 20 tamaties kan jy R100 kry teen R5 per tamatie. Honderd plante kan dus 'n opbrengs van R10 000 lewer."
- 9 Volgens Barnard kan die mikro-boere binne 8 tot 12 weke selfonderhoudend wees en volhoubaar groente plant. Hulle ontvang ook riglyne van die instituut oor watter groente, in watter seisoene groei. Die instituut verskaf ook sade en/of plante aan die begin van die projek.
- 10 Barnard sê hul mikpunt is om nóg meer ondernemings, skole en universiteite betrokke te kry om die projek verder uit te brei. *Garden of Life* is 'n geregistreerde organisasie sonder winsbejag.

Aangepas van: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/groente-in-bande-kan-kos-werk-vir-baie-skep-20230315>

1.1 Na aanleiding van die teks, waarom voel ons magteloos in Suid-Afrika?

- A Ons voel magteloos oor misdaad.
- B Ons voel magteloos oor beurtkrag.
- C Ons voel magteloos oor korrupsie.
- D Ons voel magteloos oor slaggate.

(1)

1.2 Watter van die volgende items het jy nodig om groente met afvalmateriaal te verbou?

- A ou motorbande
- B leë blikkies
- C besproeingstelsel
- D tuingereedskap

(1)

1.3 Een gebied waarop elke landsburger 'n verskil kan maak is werkloosheid en voedselsekerheid. (Paragraaf 2)

Voedselsekerheid in bostaande sin beteken ...

- A deurlopende oorvloed.
- B deurlopende tekort.
- C deurlopende beskikbaarheid.
- D deurlopende toeganklikheid.

(1)

1.4 In watter land, behalwe Suid-Afrika het 'Garden of Life' as 'n inisiatief begin?

- A Mosambiek
- B Angola
- C Zimbabwe
- D Botswana

(1)

1.5 Wat lei tot desperaatheid en gemeenskapsonrus in Suid-Afrika?

- A onkundigheid
- B werkloosheid
- C onbekwaamheid
- D onbereidwilligheid

(1)

1.6 Wat wil 'Garden of Life' bevorder?

- A Hulle wil selfonderhoudende gemeenskappe bevorder.
- B Hulle wil die gemeenskap se groei bevorder.
- C Hulle wou die landbougemeenskap bevorder.
- D Hulle wil die voedselindustrie bevorder. (1)

1.7 Verwys na die slagspreuk 'Phakama.' (Paragraaf 5)

Watter beskrywing is nie van toepassing op die slagspreuk nie?

- A Die gemeenskap word afhanklik.
- B Die gemeenskap laat hulle nie onderkry nie.
- C Die gemeenskap word bemagtig.
- D Die gemeenskap raak betrokke. (1)

1.8 Watter belangrike rol speel die gemeenskapsleiers in hierdie inisiatief?  
(Paragraaf 8)

- A Hulle rol is om landbou te bevorder.
- B Hulle rol is om werksgeleenthede te skep.
- C Hulle rol is om die beginsel van 'Garden of Life' te vestig.
- D Hulle rol is om meer verbruikers te skep. (1)

1.9 "... in die sweet van jou aangesig sal jy jou geld verdien" (Paragraaf 5)

Bostaande is 'n voorbeeld van ...

- A idiomatiese uitdrukking.
- B personifikasie.
- C vergelyking.
- D metafoor. (1)

1.10 “*Garden of Life* is ’n geregistreerde organisasie sonder winsbejag.”  
(Paragraaf 10)

Watter gevolgtrekking maak jy van die bogenoemde sin?

- A Hulle prioriteit is om baie mense te beloon.
- B Hulle prioriteit is nie om geld te maak nie.
- C Hulle prioriteit is om mense te verarm.
- D Hulle prioriteit is om hulself te verryk. (1)

1.11 Wat impliseer ‘volhoubaar?’ (Paragraaf 9)

- A om iets te voltooi
- B om vas te byt
- C om moed op te gee
- D om aan te hou (1)

1.12 Na aanleiding van die teks, watter sin is korrek?

- A ‘*Garden of Life*’ se doelwit is om slegs spesifieke mense te bemagtig.
- B ‘*Garden of Life*’ se mikpunt is om hul projek verder uit te brei.
- C ‘*Garden of Life*’ se mikpunt is om mikro en makro landbou te vestig.
- D ‘*Garden of Life*’ se doelwit is om van jou besigheid ’n sukses te maak. (1)

1.13 Wat maak voedselvervaardigers anders as voedselverbruikers?

- A Die een produseer en die ander verbruik.
- B Die een koop en die ander verkoop.
- C Die een versamel en die ander deel uit.
- D Die een vind baat en die ander verloor. (1)



1.14 Verduidelik die uitdrukking 'touwys gemaak.' (Paragraaf 7)

- A om iemand iets te wys
- B om iemand iets te verduidelik
- C om iemand iets te leer
- D om iemand van iets te oortuig (1)

1.15 Watter impak het werkloosheid op die mense van Suid-Afrika?

Kies die gepaste woorde.

- A moeilik, onrustig, vreesbevange
- B ongemaklik, onseker, verpletterd
- C magteloos, moedeloos, desperaat
- D onvergenoegd, skaam, vernederd (1)

1.16 Kies die sin wat die teks die beste opsom?

- A Om gemeenskappe ekonomies te laat ontwikkel en voedselsekerheid te waarborg.
- B Om gemeenskappe se landboukennis te ontwikkel en dan uit te brei.
- C Om gemeenskappe op te lei om werkseleenthede te skep.
- D Om gemeenskappe eers op te lei en dan te bemagtig om selfonderhoudend te wees. (1)

1.17 '*Garden of Life*' (Paragraaf 10) wat skuinsgedruk is verwys na ...

- A 'n gemeenskapsprojek.
- B 'n geregistreerde organisasie.
- C 'n mikro-landbou ontwikkeling.
- D 'n woonstelkompleks. (1)

1.18 Kies die mees gepaste woord vir 'gemeenskapsonrus?' (Paragraaf 4)

- A ontevredenheid
- B ongelukkigheid
- C oproerigheid
- D onverantwoordelikheid (1)

1.19 Watter gevoel wil die joernalis by die leser opwek?

- A 'n gevoel van entoesiasme
- B 'n gevoel van optimisme
- C 'n gevoel van blydschap
- D 'n gevoel van dryfkrag (1)

1.20 Vir watter teikengroep is die teks geskryf?

- A vir alle Suid-Afrikaners wat 'n verskil wil maak
- B vir toekomstige entrepreneurs
- C vir gemeenskapsleiers
- D vir voedselvervaardigers (1)

1.21 Hoe manipuleer 'veg om oorlewing' die leser se gevoel oor werkloosheid?  
(Paragraaf 4)

- A Die leser voel empatie.
- B Die leser voel hartseer.
- C Die leser voel simpatie.
- D Die leser voel moedeloos. (1)

1.22 Watter van die volgende frases skep die gevoel van hoop?

- A 'vrugbare grond en waterbronne'
- B 'leiers en kinders uit verskillende gemeenskappe'
- C 'daar word sterk op kinders en projekte by skole gefokus'
- D 'elke landsburger kan egter 'n verskil maak' (1)

1.23 Op watter manier kan 'Garden of Life' se inisiatief, mense se lewens verander?

- A Dit kan hongersnood uitwis.
- B Dit kan mense selfonderhoudend maak.
- C Dit kan mense ryk maak.
- D Dit kan mense positief maak. (1)

1.24 Wat is die doel van Paragraaf 1?

- A om belangstelling in die teks te kweek
- B om ou motorbande sinvol te gebruik
- C om gemeenskapsonrus te bekamp
- D om belangstelling in landbou aan te wakker (1)

1.25 Watter gevolgtrekking kan ons van die teks maak?

- A Elke landsburger kan 'n verskil aan hulle omstandighede maak.
- B Vasberadenheid en harde werk kan lewens verander.
- C Die jonger geslag kan die land se omstandighede verbeter.
- D Om mense op te lei in mikro-landbou is baie belangrik. (1)

**[25]**

Vraag 2: Visuele tekste

2.1: Advertensie

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

# BRAVECTO®

*Minder peste  
Verminder jou stres*

Nog steeds in pilvorm of in suigbuis of sproei beskikbaar. Gewaarborg om jou troeteldier teen luise, vlooië, bosluise en peste wat in jou area voorkom, te beskerm tot en met 12 weke.  
Dit sal verseker dat jy nie 'n kat in die sak koop nie.

## KOMPETISIE

Beskerm jou Troeteldier en WEN!

WEN 1 VAN 50

R10 000 KONTANTKAARTE!

Kompetisie eindig 31 Maart 2023

Besoek [www.bravectolesspests.co.za](http://www.bravectolesspests.co.za) om in te skryf



Aangepas en verwerk van: [www.bravectolesspests.co.za](http://www.bravectolesspests.co.za)

2.1.1 Wat word hier geadverteer?

- A Bravecto troeteldiere
- B Bravecto strespille
- C Bravecto produkte
- D Bravecto stroop (1)

2.1.2 Wie is die teikengroep vir die advertensie?

- A troeteldier-eienaars
- B veeartse
- C apteke
- D dierebeskermingsvereniging (1)

2.1.3 Waarom is die woord kompetisie onderstreep en in hoofletters geskryf?

- A om die produk te verkoop
- B om die adverteerder se logo te wys
- C om meer inligting te gee
- D om die leser se aandag te trek (1)

2.1.4 Verduidelik die uitdrukking 'kat in die sak koop.'

- A om iets te koop wat waardevol is
- B om iets te koop wat nie van goeie gehalte is nie
- C om iets te koop soos 'n sak vir jou kat
- D om iets te koop wat jou sak sal pas (1)

2.1.5 Die prentjies onderaan die teks reflekteer ...

- A beskerming.
- B omgee.
- C verantwoordelikheid.
- D vertroeteling. (1)

## 2.2: Strokiesprent

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.



- 2.2.1 Waar vind die gebeure plaas? (1)
- 2.2.2 Wie is die karakter wat in Raam 1 praat? (1)
- 2.2.3 Waarom is die karakter in Raam 1 moedeloos? (1)
- 2.2.4 Identifiseer en verduidelik die humor in Raam 3. (2)
- 2.2.5 Verduidelik die verband tussen Raam 2 en Raam 3. (2)
- 2.2.6 Hoe voel Neelsie in Raam 3? (1)
- 2.2.7 Wat is die boodskap wat die strokiesprent oordra? (1)
- 2.2.8 Dink jy Neelsie steur hom aan Meester?  
Gee `n rede vir jou antwoord. (1)

**[15]**

### Vraag 3: Opsomming

#### Tydskrifartikel

Dis maklik om 'n lang lys van dinge op te noem wat nie meer in ons land werk nie, maar hierdie artikel “*Ja, ons het nog hoop*” wys daar is nog redes om hoopvol te bly. Lees die onderstaande teks aandagtig deur en volg die instruksies.

#### INSTRUKSIES:

1. Skryf in **SEWE** volsinne waarvoor ons in Suid-Afrika hoopvol moet wees.
2. Nommer jou sinne van 1 tot 7.
3. Skryf slegs **EEN** feit per sin.
4. Gebruik sover as moontlik jou eie sinne.
5. Jou opsomming moet tussen 70-80 woorde lank wees.
6. Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming in hakies aan.
7. Jy hoef nie 'n titel vir jou opsomming te gee nie.

#### Ja, ons het nog hoop

Die jaar 2023 was nie 'n maklike jaar nie, maar Suid-Afrikaners het die vermoë om uitdagings positief aan te pak en nuwe geleenthede te skep. Daar is nog goeie dinge in Suid-Afrika wat vir ons hoop gee.

Koeksisters, potjiekos, blatjang, pap, biltong, braaivleis, bobotie, melktert en *bunny chow* is eie aan Suid-Afrika. Die verskillende kulture en Ubuntu maak ons land uniek. Suid-Afrika se matige klimaat en sonskyndae is iets wat jy nie maklik in ander lande sal kry nie.

Ons land se natuurskoon, parke en inheemse fauna en flora gaan jy nêrens anders in die wêreld kry nie. Ons land se wildtuine funksioneer uitstekend en daar is 'n atmosfeer van rustigheid, vertroue en goedgesindheid onder die personeel en die medekampeerders.

Ons land is nie perfek nie, maar sport snoer mense saam en sportmense inspireer ons. Ons het die Wêreldbeker Netbal in Kaapstad aangebied en die Springbokke het weereens hulself in die Wêreldbeker bewys!

Die standaard van onderrig by universiteite is steeds goed. Ons lees nou en dan van geldkwessies, protesoptogte of leierskapkrisisse by universiteite, maar van hulle verskyn nog gereeld op die ranglyste van die wêreld se beste universiteite.

Ten spyte van die feit dat munisipaliteite uitmekaar val, paaie stukkend is en ons

kragonderbrekings ervaar maak Suid-Afrikaners 'n plan. Ons vat hande en herstel self slaggate.

Beurtkrag is aan die orde van die dag, maar daar is 'n plan. Die oprigting van sonpanele en batterykrag is aan die toeneem. Diegene wat entrepreneurskap aan die dag lê bemagtig hulself en ander.

Suid-Afrikaners se menseregte word deur die grondwet beskerm en daar is steeds mediavryheid en vryheid van spraak.

Daar is hoop.

*Verwerk en aangepas van: Rooi Rose, Maart 2023*

**[10]**



#### Vraag 4: Taalstrukture- en Konvensies

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### **Student se digkuns kry vlerke danksy FAK-ekspo**

- 1 Amory Smith skryf van kleins af al haar stories self. Sy is 'n voormalige wenner by die FAK Internasionale Afrikaans-Ekspo. Nou word een van haar grootste drome bewaarheid met die bekendstelling van haar eerste digbundel, *Sielskos*.
- 2 Dié 19-jarige slyp al sedert haar graad 8-jaar op Hoërskool haar skryfvaardighede by dié unieke ekspo, en meen dat dit juis daar is waar haar liefde vir digkuns aangewakker is.
- 3 Die FAK Internasionale Afrikaans-Ekspo is 'n kompetisie waaraan leerlinge en studente van regoor die wêreld kan deelneem en hul liefde vir Afrikaans en kunste ten toon kan stel.
- 4 Daar is jaarliks 'n nuwe tema wat die spreekwoordelike wiele aan die rol kry en die betrokke jaar se kunswerke en gedigte inspireer. Amory het op Hoërskool met haar gedig "Granaathartklop" as 'n afdelingwenner uit die kompetisie getree. Sy is in 2021 ook genooi om by die ATKV-onderwyskongres van haar eie werke voor te lees.
- 5 Volgens Smith is die titel van haar digbundel, *Sielskos*, só gekies, want dit is wat sy wil hê haar gedigte vir ander moet wees, kos vir die siel. "My doel met hierdie bundel is om mense te verryk en hul horisonne te verbreed. Eintlik om mense van voor af verlief te maak op die Afrikaanse taal."
- 6 Ek word geïnspireer deur die wêreld en mense rondom my en kan glad nie in Engels dig soos in Afrikaans nie. Dis net Afrikaans wat só kan klink."
- 7 "Ek het nog altyd 'n groter droom gehad met my digkuns. Ek was en is steeds mal daaroor om mense met kuns te vermaak en te inspireer, en om hulle na 'n milieu weg te voer waar daar nie wêreldse dinge is wat steur nie. *Sielskos* is slegs die begin."

*Aangepas van: Maroela Media artikel deur Jhina-Nine Wyrley-birch, 15 Maart 2023*

4.1 Watter tipe selfstandige naamwoord is 'liefde'? (Paragraaf 2)

- A Soortnaam
- B Maatnaam
- C Abstrak
- D Eienaam

(1)

4.2 "Amory Smith skryf van kleins af al haar stories self." (Paragraaf 1)

Identifiseer die tipe sin in die bostaande sin.

- A Stelsin
- B Uitroepsin
- C Saamgestelde sin
- D Bysin

(1)

4.3 Wat is 'n sinoniem vir 'voormalige'? (Paragraaf 1)

- A Vorige
- B Voorheen
- C Eerstens
- D Eerstydse

(1)

4.4 Watter woord is 'n antoniem vir 'aangewakker'? (Paragraaf 2)

- A Bemoedig
- B Ontmoedig
- C Aanspoor
- D Ontspoor

(1)

4.5 '... en meen dat dit juis daar is waar haar liefde vir digkuns aangewakker is.'  
(Paragraaf 2)

Bostaande is 'n voorbeeld van ...

- A 'n enkelvoudige sin.
- B 'n saamgestelde sin.
- C 'n neweskikkende sin.
- D 'n byvoeglike bysin. (1)

4.6 Sy sou nie sukses bereik het ... sy nie in haar drome geglo het nie.

Voltooi die leë spasie in die bostaande sin met die gepaste voegwoord.

- A tensy
- B derhalwe
- C nieteenstaande
- D omdat (1)

4.7 Daar is jaarliks 'n nuwe tema wat die spreekwoordelike wiede aan die rol kry.  
(Paragraaf 4)

Die onderstreepte woord in bostaande sin is 'n voorbeeld van ....

- A byvoeglike naamwoord.
- B voornaamwoord.
- C bywoord.
- D selfstandige naamwoord. (1)

4.8 Ek word geïnspireer deur die mense rondom my.

Die onderstreepte woord in die bostaande sin is 'n voorbeeld van 'n ...

- A bywoord van tyd.
- B bywoord van wyse.
- C bywoord van plek.
- D bywoordelike bepaling. (1)

4.9 Sy het baie tyd spandeer om haar digbundel te skryf.

Kies die korrekte lydende vorm van die bostaande sin.

- A Baie tyd was deur haar haar gespandeer om haar digbundel te skryf.
- B Baie tyd sal deur haar spandeer word om haar digbundel te skryf.
- C Baie tyd word deur haar gespandeer om haar digbundel te skryf.
- D Baie tyd is deur haar gespandeer om haar digbundel te skryf. (1)

4.10 '... haar gedigte vir ander moet wees, kos vir die siel' (Paragraaf 5)

Wat is die betekenis van die woord 'kos' soos dit in die bostaande sin gebruik word.

- A gevul met inspirasie
- B gevul met iets betekenisvol
- C gevul met iets wat versadig word
- D gevul met iets wat honger stilmaak (1)

4.11 Ek is verlief op my kêrel maar ek moes verlief neem dat my aandag nou meer by digkuns is.

Gee die twee korrekte betekenis van die woord 'verlief' in die bostaande sin.

- A liefde/aanneem
- B aangetrokke/aanvaar
- C omgee/erken
- D toegeneentheid/toelaat (1)

4.12 Sy is in 2021 ook genooi om by die ATKV-onderwyskongres van haar eie werke voor te lees.

ATKV in die bostaande sin beteken ...

- A Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging.
- B Afrikaanse Talent- en Kultuurvereniging.
- C Afrikaanse Taal- en Kultuur vereniging.
- D Afrikaanse Toekoms- en Kultuurvereniging. (1)

4.13 "Amory het op Hoërskool met haar gedig 'Granaathartklop' as 'n afdelingswenner uit die kompetisie getree." (Paragraaf 4)

Hoekom is die woord 'Granaathartklop' in aanhalingstekens geskryf?

- A om die direkte aanhaling aan te dui
- B om die opskrif onder die leser se aandag te bring
- C om die titel van 'n gedig aan te dui
- D om die opskrif van die gedig aan te dui (1)

4.14 'Daar is jaarliks 'n nuwe tema wat die spreekwoordelike wiele aan die rol kry.'

Watter tipe voornaamwoord is 'wat' in die bostaande sin.

- A Betreklige
- B Onbepaalde
- C Wederkerige
- D Besitlike (1)

4.15 Die lede van die ... het besluit dat sy die algehele wenner is.

Kies die korrekte spelling van die woord wat in die bostaande sin pas.

- A Kommittee
- B Kometee
- C Komitee
- D Committee (1)

4.16 Die ekspo bied 'n geleentheid vir jong Suid-Afrikaanse digters om gehoor te word.

Kies die korrekte toekomstige tydsvorm.

- A Die ekspo sal 'n geleentheid vir jong Suid-Afrikaanse digters bied om gehoor te word.
- B Die ekspo sou 'n geleentheid bied vir jong Suid-Afrikaanse digters om gehoor te word.
- C Die ekspo sal 'n geleentheid bied vir jong Suid-Afrikaanse digters om gehoor te word.
- D Die ekspo kon 'n geleentheid bied vir jong Suid-Afrikaanse digter om gehoor te word. (1)

4.17 Die FAK-ekspo het gesê: “Amory, stuur hierdie gedigte onmiddellik vir die uitgewer!”

Wat is die korrekte indirekte rede vir bostaande sin.

- A Die FAK-ekspo het vir Amory gesê om hierdie gedigte onmiddellik vir die uitgewer te stuur.
- B Die FAK-ekspo het vir Amory gesê om daardie gedigte onmiddellik vir die uitgewer te stuur.
- C Die FAK-ekspo sal vir Amory sê dat sy hierdie gedigte onmiddellik vir die uitgewer stuur.
- D Die FAK-ekspo sou vir Amory sê dat sy daardie gedigte onmiddellik vir die uitgewer stuur. (1)

4.18 Watter sin is 'n voorbeeld van stereotipering?

- A Skoolkinders het geen belangstelling om gedigte te skryf nie.
- B Skoolkinders het min belangstelling om gedigte te skryf.
- C Skoolkinders het soms belangstelling om gedigte te skryf.
- D Skoolkinders het nie altyd belangstelling om gedigte te skryf. (1)

4.19 Kies die gepaste slotgedagte van die teks.

- A Amory wil slegs jongmense met haar digbundel vermaak.
- B Amory wil net mense met *Sielskos* vermaak.
- C Amory wil 'n milieu skep om wêreldse dinge te bevorder.
- D Amory wil mense nou en in die toekoms met haar gedigte inspireer. (1)

4.20 Wat is die figuurlike betekenis van die teks se titel, “*student se digkuns kry vlerke?*”

- A Student se werke word wêreldwyd herken.
- B Student se werk word afgekeur op FAK-ekspo.
- C Student se werk word op sosiale media gekritiseer.
- D Student se werke kry wêreldwye erkenning. (1)

**[20]**

**Einde van die toets**



